handhaaf; die suksesvolle afloop van onderhandelings met die I.B.H.O. vir 'n nuwe lening van 60 miljoen V.S.A. dollars vir Eskom en die Suid-Afrikaanse Spoerweë ten einde die krag- en vervoertekorte te verlig; die goeie vordering wat ten opsigte van ander Staatsondersteunde projekte soos Sasol en Foskor gemaak is; die handhawing van prysbeheer alhoewel dit ten opsigte van sekere goedere verslap is; die handhawing van invoerbeheer; en die volgehoue tekort aan mynarbeid wat egter teen die einde van die jaar tekens van verbetering getoon het. Verder kan die jaar 1953 nie daargelaat word nie, sonder verwysing na die feit dat 'n aanvang met die produksie van uraan deur verskeie goudmynmaatskappye gemaak is, terwyl 'n verdere aantal verwag word om in 1954 die produksiestadium te bereik.

NASIONALE REKENINGE

Die jongste skattings gepubliseer deur die Buro vir Sensus en Statistiek dui aan dat die Unie se totale geografiese volksinkome van omtrent £1,268 miljoen in 1951/52 tot ongeveer £1,387 miljoen in 1952/53 toegeneem het, terwyl die netto volksinkome gestyg het van omtrent £1,148 miljoen tot ongeveer £1,247 miljoen, onderskeidelik. Soos gesien kan word van Tabel XXXVIII van hierdie Blad, was die styng van omtrent £118 miljoen in die geografiese inkome in groot mate die gevolg van die toenames van omtrent £40 miljoen en £29 miljoen in die inkome wat ontstaan in „Landbou, Bosbou en Visserye“ en „Private Fabriekswese“, onderskeidelik, maar aansienlike toenames is ook aangeteken onder verskeie ander hoofde, soos die toename van omtrent £18 miljoen onder „Openbare Owerhede“ en dié van ongeveer £10 miljoen onder „Handel“.

Hierdie skattings van die Buro het betrekking op die jare geëindig 30 Junie, maar sulke inligting as wat tans beskikbaar is, dui daarop dat, ook op 'n kalenderjaarbasis, daar 'n aansienlike toename in die monetêre volksinkome sowel as in die bruto volksproduksie van 1952 tot 1953 was.

Wat die uitgawe-kant van die nasionale rekeninge betref, toon voorlopige skattings aan dat daar 'n aansienlike styng in totale bruto belegging van 1952 tot 1953 was. Aangesien die Unie se netto lopende tekort teenoor die buiteland gedurende dié tydperk gedaal het, wil dit voorkom asof daar ook 'n aansienlike styng was in totale bruto binne-landse besparing, en dit was gedeeltelik die gevolg van 'n aansienlike toename in die lopende surplus van owerheidsliggame, wat die Regering se beleid weerspieël om uit lopende inkomste te voorsien vir 'n deel van die fondse wat benodig word vir noodsaklike kapitaalwerke. Ook wil dit voorkom asof daar 'n toename was in verbruik, d.w.s. in die lopende

uitgawes van beide die openbare en die private sektors.

Wat dje toename in totale bruto belegging betref, dui die beskikbare inligting daarop dat dit grootliks toe te skryf is aan 'n veel kleiner daling in belegging in voorrade in 1953 as in 1952, en aan die verhoogde belegging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Eskom, Sasol, Foskor en ander Staatsondersteunde projekte sowel as 'n aantal grootskaalse private projekte soos die verskeie produksie-eenhede wat opgerig word deur African Explosives and Chemical Industries, Ltd., en die fabriek van die South African Industrial Cellulose Corporation te Umkomaas, wat egter ook gedeeltelik deur die Staat ondersteun word.

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

Landbou. Volgens die jongste voorlopige skatings van die Afdeling Ekonomiese Marke het die bruto waarde van die landbouproduksie, wat hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in die prys van wol van omtrent £289 miljoen in 1950/51 tot omtrent £252 miljoen in 1951/52 afgeneem het, gestyg tot die nuwe rekordpeil van ongeveer £310 miljoen in 1952/53.

Die styging van omtrent £58 miljoen of 23 persent van 1951/52 tot 1952/53, wat in groot mate te wye was aan toenames in die produksie van mielies en wol, was aansienlik groter as die styging van omtrent 15 persent in die gesamentlike prysindeks van landbouprodukte, sodat dit skyn asof daar ook 'n sterk styging in die fisiese omvang van die landbouproduksie gedurende hierdie tydperk was. Die produksie van mielies het toegeneem van omtrent £32 miljoen of 21.5 miljoen sak in 1951/52 tot omtrent £53 miljoen of 33.3 miljoen sak in 1952/53, en die wolskeersel van omtrent £44 miljoen of 221.6 miljoen lb. tot omtrent £55 miljoen of 240.8 miljoen lb., terwyl daar toenames was in die produksie van meeste ander landbouprodukte.

Die bestaande syfers het betrekking op die jare geëindig 30 Junie, en nie op die kalenderjare 1952 en 1953, maar, volgens die Afdeling, wil dit voorkom asof die waarde van die landbouproduksie, ook op 'n kalenderjaarbasis, aansienlik hoër was in 1953 as in 1952.

Mynbou. Gewysigde syfers wat deur die Staatsmyningenieur gepubliseer is, toon aan dat, met uitsluiting van uraan en steengroefprodukte, die waarde van die Unie se minerale produksie (grotendeels op verkope gebaseer), wat van £201.6 miljoen in 1951 tot die nuwe hoe peil van £210.7 miljoen in 1952 toegeneem het, ietwat gedaal het tot omtrent £210.4 miljoen in 1953. Die geringe afname van slegs £0.3 miljoen van 1952 tot 1953, wat in groot mate te wye was aan laer gemiddelde prys wat vir verskeie soorte minerale ontvang is, toon aan dat dit hoogswaarskynlik is dat met die insluiting van uraan, wat vir die eerste keer in 1953 geproduseer is, die Unie se totale minerale produksie 'n nuwe rekordpeil in 1953 bereik het. Die produksiesyfers van uraan word egter nie gepubliseer nie omdat hierdie inligting as vertroulik beskou word.

Met 'n styging in die aantal produserende myne in die Oranje Vrystaat van twee tot vyf, het die goudproduksie in daardie gebied van 224,000 fyn onse in 1952 tot 431,000 fyn onse in 1953 toegeneem, maar hoofsaaklik weens die volgehoue tekort aan arbeid het die produksie in die res van die Unie effens van 11,595,000 fyn onse tot 11,510,000 fyn onse afgeneem. Die Unie se totale goudproduksie het dus van 11,819,000 fyn onse in 1952 tot 11,941,000 fyn onse in 1953 toegeneem, maar aangesien die gemiddelde offisiële prys wat vir goud ontvang is, gedaal het van ongeveer 248s. 11½d. per fyn ons in 1952 tot 247s. 2d. per fyn ons in 1953, het die waarde van produksie slegs met omtrent £0.5 miljoen toegeneem, nl. van £147.1 miljoen tot £147.6 miljoen.*


Die hoeveelheid steenkool verkoop het toegeneem van 30,038,000 ton in 1952 tot die rekordpeil van 30,570,000 ton in 1953, of in terme van waarde, van £14.6 miljoen tot £16.5 miljoen, terwyl die verkope van koper, weens 'n vermindering in die gemiddelde prys, van £11.6 miljoen tot £9.3 miljoen gedaal het, alhoewel die hoeveelheid verkoop slegs van 37,700 ton tot 37,600 ton afgeneem het. Die verkope van alle ander onedele minerale saam het afgeneem van £17.8 miljoen tot £16.5 miljoen en dié van diamante van £14.8 miljoen tot £14.0 miljoen, alhoewel die hoeveelheid diamante verkoop toegeneem het van 2,350,000 metriese karaat tot 2,627,000 metriese karaat. Die verkope van edele metale, uitgesonderd goud, aan die ander kant, het toegeneem van £4.8 miljoen tot £6.7 miljoen.

Met betrekking tot die fisiese omvang van minerale produksie, dui voorlopige berekenings aan dat, terwyl die produksie van metaalhoudende onedele minerale met omtrent 10 persent van 1952 tot 1953 toegeneem het, dié van nie-metaalhoudende onedele minerale met ongeveer 6 persent afgeneem het, hoofsaaklik as gevolg van 'n sterk afname in die produksie van asbes. Word die toenames van omtrent een persent en 12 persent in die produksie van goud en diamante onderskeidelik bygereken, dan het die totale fisiese omvang van die minerale produksie met omtrent 3 persent gestyg.

Wat mynarbeid betref, het die gemiddelde maandelikse indeks† van 116 in 1952 tot 113 in 1953 afgeneem, maar soos blyk uit die onderstaande grafiek, het die maandelikse indekssyfers, met uitsluiting van seisoenskommelings, 'n opwaartse neiging gedurende die tweede helfte van 1953 getoon, nadat die tendens afaarts was gedurende die eerste helfte van die jaar. Die opwaartse beweging gedurende die tweede helfte van die jaar is voortgesit gedurende die eerste maande van 1954, toe die arbeidspositie 'n aansienlike verbetering getoon het, veral wat naturellarbeid in die goudmynbedryf betref.

* Hierdie waardesyfers sluit nie die addisionele inkomste van omtrent £3 miljoen in 1952 en omtrent £2 miljoen in 1953 ontvang deur die goudmynaatskappy t.o.v. goudverkoop teen verhoogde prys, in nie.

† Tensy anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig gemeld word, op die basis 1948=100 gebaseer.



Nywerheid. In die afwesigheid van omvattende gegewens omtrent fabrieksproduksie in die Unie vir die jongste tyd, kan weinig gesê word van die neigings gedurende 1953 in hierdie belangrike sektor van die Unie se ekonomie. Geoordeel volgens die beskikbare indeks van werkverskaffing in die nywerheid, wil dit voorkom asof daar 'n verdere toename in die fisiese omvang van produksie van 1952 tot 1953 was, en indien die stijging in die gemiddelde maandelikse indeks van die Unie se groothandelspryse ook in aanmerking geneem word, skyn dit asof die waarde van fabrieksproduksie ook 'n verdere stijging ondergaan het.


Wat die indeks van werkverskaffing in die nywerheid betref, moet daarop gelet word dat die resultate van die 1950/51 Sensus van Nywerheidsinrigtings wat onlangs beskikbaar gekom het, aandui dat die werklike stijging in werkverskaffing in die nywerheid ná 1948 heelwat meer was as wat aangetoon is deur die maandelikse indekse wat gebaseer is op die monstersyfers wat deur die Buro vir Sensus en Statistiek ingevorder en gepublisper word, en dit is waarskynlik grootliks te wyte aan die feit dat die maandelikse monstersyfers nie die werkverskaffing in nywerhede wat gedurende hierdie tydperk tot stand gekom het, dek nie. Na hersiening van die indeks in die lig van die jongste sensus-gegewens (sien bls. 31), word gevind dat, terwyl die ou indeks 'n ietwat stadiger tempo van toename in werkverskaffing in die nywerheid as in werkverskaffing in die mynbou ná 1948 aangetoon het, die nuwe indeks aandui dat die toename in eersgenoemde in werklikheid heelwat meer was as dié in laasgenoemde. Van 100 in die basisjaar 1948, het werkverskaffing in die nywerheid toegeneem tot 126 in 1952 en omtrent 128 in 1953, vergeleke met indekssyfers van 116 en 113, onderskeidelik, in die geval van werkverskaffing in die mynbou, maar hier moet weer daarop gelet word dat die nuwe 1952 en 1953 indekssyfers vir werkverskaffing in die nywerheid onderhewig is aan 'n verdere hersiening (wat hulle moontlik verder sal verhoog) wanneer die resultate van die sensusse vir hierdie jare beskikbaar word. Dit word egter verstaan dat die Buro besig is met 'n poging om maandelikse syfers van werkverskaffing van 'n groter aantal firms te verkry om sodoende 'n meer verteenwoordigende monster te publiseer.

Uit die bostaande grafiek, waarop die hersiene

indekse aangetoon word, blyk dat die werkverskaffing in die nywerheid, uitgesonderd seisoenskommelings, effens gedaal het gedurende die eerste helfte van 1953, maar dat dit daarna weer gedurende die tweede helfte van die jaar toegeneem het.

Elektrisiteit. Die taamlike sterk opwaartse neiging gedurende 1951 en 1952 in die indeks van elektriese stroom opgewek is gedurende die jaar 1953 voortgesit, soos van die bostaande grafiek aangeleid kan word. Die gemiddelde maandelikse indeks het toegeneem van 135 in 1952 tot 143 in 1953, vergeleke met 126 in 1951.

Boubedryf. Na 'n daling van 148.5 in 1951 tot 115.1 in 1952, het die gemiddelde maandelikse indeks van die waarde van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie toegeneem tot 124.1 in 1953, hoofsaaklik weens 'n stijging in die planne wat vir woonhuise goedgekeur is. Soos blyk uit die onderstaande grafiek het daar in die afwaartse beweging in die maandelikse indekse gedurende 1952 'n kentering gekom gedurende die eerste helfte van 1953, maar gedurende die tweede helfte van 1953 was die neiging weer afwaarts. Dergelyke tendense word aangetoon deur die indeks van die waarde van geboue begin, in welke geval die gemiddelde maandelikse indeks van 128.8 in 1952 tot 142.3 in 1953 toegeneem het, vergeleke met 151.9 in 1951. Hierdie indekse verskaf egter nie 'n goeie aanduiding van die werklike boubedrywigheid gedurende die tydperk waarop hulle betrekking het nie, en, geoordeel volgens die beskikbare monstersyfers van werkverskaffing in die boubedryf, wil dit voorkom asof die omvang van die bedrywigheid op 'n ietwat laer peil was in 1953 as in 1952. Hierdie syfers van werkverskaffing toon dat die afwaartse beweging gedurende die tweede helfte van 1952, gedurende die eerste helfte van 1953 voortgesit is, waarna daar 'n effens opwaartse beweging gedurende die res van die jaar ingetree het. Die afwaartse beweging in bouplanne goedgekeur gedurende 1952 het dus nog steeds 'n uitwerking getoon gedurende die eerste helfte van 1953.



BUITELANDSE HANDEL

Nadat dit in 1952 gedaal het vanaf 'n rekordpeil in 1951, het die waarde van die Unie se buitelandse handel, uitgesonderd goud en goudprodukte, weer in 1953 toegeneem.

Terwyl die Regering se invoerbeheerbeleid omtrent dieselfde was in 1953 as in 1952, is dit tog nodig gevind om verdere toekennings te maak t.o.v. die invoere van Regeringsvoorraade vir verdedigings-, vervoer- en ander doeleinades. Dus het die invoere van Regeringsvoorraade, nadat dit van £13 miljoen in 1951 tot £22 miljoen in 1952 toegeneem het, verder gestyg tot omtrent £36 miljoen in 1953, en dit het veroorsaak dat die Unie se totale waarde van goedereinvoere toegeneem het van £419 miljoen in 1952 tot omtrent £425 miljoen in 1953, vergeleke met £470 miljoen in 1951. Uitgesonderd Regeringsvoorraade was daar dus in werklikheid 'n afname van omtrent £8 miljoen in 1953, maar dit lyk klein in vergelyking met die ooreenstemmende daling van omtrent £60 miljoen wat in 1952 plaasgevind het. Soos in die tabel hieronder aangetoon, was hierdie aansienlik kleiner afname in 1953 as in 1952 in groot mate toe te skryf aan die feit dat, terwyl die invoere van „weefsels, klere, garing en vesels“ in 1952 met omtrent £59 miljoen gedaal het, daar in werklikheid 'n toename van ongeveer £12 miljoen onder hierdie hoof in 1953 was. Aan die ander kant was daar 'n daling van omtrent £12 miljoen in die invoere van „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie“ in 1953, terwyl daar ook afnames was onder die hoofde „hout, rottang, ens.“ en „boeke, papier en skryfbehoeftes“.

Toename of Afname
in £ Miljoene

Invoerklas	1952	1953
Diere, landbou- en dierlike produkte	-1	2
Voedsel, drank en tabak	7	1
Weefsel, klere, garing en vesels	-59	12
Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie	3	-12
Delfstowwe, erde- en glaswerk	3	-1
Olie, was, harssoorte, verfmiddels en versnisse	-1	-
Droperye, chemikalië en misstowwe	1	-3
Leer, rubber, en fabrikate daarvan	-6	1
Hout, rottang,riet en fabrikate daarvan	-2	-3
Boeke, papier en skryfbehoeftes	-4	-5
Juweliersware, uurwerke, weelde-artikels en musiekinstrumente	-1	-
Diverse goedere	-	-
TOTAAL	-60	-8

Wat die tendens in die maandelikse syfers vir die waarde van invoere betref, dui die bestaande grafiek aan dat, uitgesonderd seisoensbewegings daar 'n effense opwaartse neiging gedurende 1953 was, vergeleke met die taamlike sterk afwaartse beweging gedurende 1952. Aangesien die prys van invoer goedere gedurende 1953 afgeneem het, wil dit dus voorkom asof die fisiese omvang van invoere, aangesien daarvan dat dit hoër was in 1953 as in 1952,

ook 'n opwaartse neiging gedurende die jaar 1953 getoon het.

Die gepubliseerde syfers van die waarde van die Unie se goedereuitvoer, wat staafgoud uitsluit maar goudprodukte insluit, aan die ander kant, toon 'n klein vermindering van £336 miljoen in 1952 tot omtrent £335 miljoen in 1953. Word die uitvoer van goudprodukte (wat gedurende 1953 gedaal het as gevolg van die feitlike verdwyning gedurende die jaar van die premie op goud in die vrye mark verkoop) egter uitgesluit, dan het die goedereuitvoer, wat van £277 miljoen in 1951 tot £271 miljoen in 1952 afgeneem het, gestyg tot die nuwe rekordpeil van sowat £283 miljoen in 1953. Die toename van omtrent £12 miljoen in 1953 het plaasgevind ten spyte van 'n afname van omtrent £6 miljoen in ingevoerde goedere wat heruitgevoer is, wat beteken dat die uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte in werklikheid met ongeveer £18 miljoen toegeneem het, d.w.s. van £224 miljoen in 1952 tot omtrent £242 miljoen in 1953. Van hierdie toename, het woluitvoere omtrent £7 miljoen en voedseluitvoere omtrent £6 miljoen verteenwoordig.

Soos op die bestaande grafiek gesien kan word, het die maandelikse indeks van die waarde van uitvoere, uitgesonderd seisoenskommelings, 'n taamlike sterk opwaartse neiging gedurende 1953 getoon, nadat daar 'n afwaartse beweging gedurende die laaste sewe maande van 1952 was. Wat die fisiese omvang van die uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte (uitgesonderd goud) betref, dui voorlopige berekenings op 'n styging van omtrent 4 persent vanaf 1952 tot 1953.

BINNELANDSE HANDEL

Geoordel volgens die indeks gepubliseer deur die Kamers van Koophandel vir sekere van die belangrikste stedelike gebiede in die Unie, wil dit voorkom asof die gemiddelde maandelikse waarde van kleinhandelsverkope in 1953 groter was as in 1952, maar dat die fisiese omvang van verkope ietwat kleiner was.

Die gemiddelde maandelikse indeks van die waarde van omset het gestyg van 108.3 in 1952 tot 110.1 in 1953 in die geval van Johannesburg, van 121.1 tot 122.5 in die geval van Pretoria, van 106.3 tot 106.6 in die geval van Kaapstad, van 123.6 tot 130.0 in die geval van Oos-Londen, en van 112.7 tot 117.6 in die geval van Durban. Indien hierdie syfers saamgestel word in 'n beswaarde gemiddelde indeks vir die vyf gebiede, toon dit 'n toename van 110.6 in 1952 tot 112.6 in 1953. Aangesien hierdie styging van omtrent 1.8 persent ietwat kleiner was as die ooreenstemmende styging van sowat 2.7 persent in die Unie se kleinhandelsprysindeks (huishuur uitgesonderd), skyn dit asof daar 'n klein daling was in die fisiese omvang van goedere wat in die kleinhandel verkoop is.


Wanneer die bewegings in die gesamentlike

maandelikse indekse vir die vyf gebiede ontleed word, wil dit voorkom uit die grafiek hieronder dat, in die geval van die waarde van kleinhandelsomset, die neiging effens opwaarts was gedurende die jaar 1953 nadat dit gedurende die tweede helfte van 1952 ietwat afwaarts was. In die geval van die fisiese omvang van omset, skyn dit asof die neiging min of meer konstant gebly het gedurende 1953 vergeleke met die effense afwaartse neiging wat gedurende 1951 en 1952 sigbaar was.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die bogenoemde gesamentlike indeks van kleinhandelsverkope op beperkte monsters gebaseer is wat slegs op die genoemde vyf gebiede betrekking het.

KLEINHANDELS- VERKOPE

S.A. SPOORWEE



Indekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings

SPOORWEGVERVOER

Na 'n toename vanaf 141 in 1951 tot 146 in 1952, het die gemiddelde maandelikse indeks van spoorweginkomste sterk gestyg tot 155 in 1953. Soos uit die bestaande grafiek afgelei kan word, is hierdie sterk stygging in 1953 hoofsaaklik toe te skrywe aan 'n skerp opwaartse beweging in die maandelikse indekse gedurende die tweede helfte van die jaar, wat gevvolg het op die verhoging van spoorwegtariewe teen die begin van hierdie tydperk.

Die indeks van totale tonmyle van inkomstesdraende vervoer, aan die ander kant, het ook geneig om opwaarts te beweeg gedurende die jaar 1953, maar het nie die sterk stygging gedurende die tweede helfte van die jaar getoon wat in die geval van spoorweginkomste waargeneem is nie. Hieruit blyk natuurlik die belangrike rol wat die verhoogde spoorwegtariewe gespeel het in die stygging van spoorweginkomste tot 'n rekordpeil teen die end van die jaar.

BETALINGSBALANS

Hoofsaaklik as gevolg van die hoër uitvoere van koopware, het die Unie se netto lopende tekort

teenoor die buiteland effens afgeneem in 1953 vergeleke met 1952. Aan die ander kant was daar 'n aansienlike daling in die netto toevloei van kapitaal, sodat die daling in die land se goud en buitelandse bates aansienlik groter was in 1953 as in 1952.

Indien die in- en uitvoersyfers van die Unie, wat hierbo onder die hoof „Buitelandse Handel“ aangehaal is, herbereken word deur die insluiting van Suidwes-Afrika en deur die aanbring van verskeie ander wysings vir betalingsbalansdoeleindes, dan word gevind dat die goedereinvoer, nadat dit van £467 miljoen in 1951 tot £417 miljoen in 1952 afgeneem het, weer effens tot ongeveer £423 miljoen in 1953 toegeneem het. Invoere uit die dollargebied het met ongeveer £14 miljoen afgeneem vanaf 1952 tot 1953, terwyl dié uit ander nie-sterling lande met omrent £13 miljoen en dié uit die sterlinggebied met omrent £7 miljoen gestyg het.

Goedereuitvoere, met uitsluiting van staafgoud, goudprodukte en skeepsvoorraad, aan die ander kant, wat van £281 miljoen in 1951 tot £277 miljoen in 1952 afgeneem het, het tot £288 miljoen in 1953 gestyg. Hierdie styging van omrent £11 miljoen vanaf 1952 tot 1953, was saamgestel uit toenames van ongeveer £1 miljoen, £3 miljoen en £7 miljoen in uitvoere na die dollargebied, ander nie-sterling lande en die sterlinggebied, onderskeidelik.

Die land se handelstekort, wat van £186 miljoen in 1951 tot £140 miljoen in 1952 gedaal het, het dus verder afgeneem tot £135 miljoen in 1953, en word die netto goudproduksie, aan die een kant, en die tekort t.o.v. onsigbare poste op lopende rekening, aan die ander kant, in berekening gebring, dan het die netto lopende tekort teenoor die buiteland van £60 miljoen in 1952 tot omrent £56 miljoen in 1953 afgeneem, vergeleke met ongeveer £102 miljoen in 1951.

Wat kapitaalbewegings in 1953 betref, het die Unie se trekkings teen die uraanlenings ongeveer £15 miljoen beloop, terwyl voorlopige skattings aandui dat ander netto private kapitaal-ontvangste, met insluiting van handelskrediete, ongeveer £9 miljoen bedra het. Boonop het die Unie-regering ongeveer £9 miljoen teen die I.B.H.O.-lenings getrek en ongeveer £2.5 miljoen in die vorm van 'n Switserse lening ontvang, maar van hierdie offisiële kapitaalontvangste moet afgetrek word die terugbetaling gedurende hierdie tydperk van ongeveer £3.6 miljoen van die deurlopende dollarkrediete ontvang van 'n groep Amerikaanse banke, asook die terugbetaling van die Switserse lening van omrent £3 miljoen wat gedurende 1950 ontvang is, terwyl die afname van ongeveer £2 miljoen in die banke se korttermynverpligtings teenoor die buiteland ook in aanmerking geneem moet word. Dus het die totale netto toevloei van kapitaal uit alle bronne ongeveer £27 miljoen in 1953 beloop, vergeleke met omrent £53 miljoen in 1952 en omrent £64 miljoen in 1951. Van die netto bedrag

van ongeveer £27 miljoen wat in 1953 ontvang is, het omtrent £20 miljoen van buite die sterlinggebied gekom.

As gevolg van die bogenoemde faktore het die Unie se totale goud en buitelandse bates gedurende 1953 met ongeveer £29 miljoen gedaal, vergeleke met afnames van £7 miljoen in 1952 en £38 miljoen in 1951.

Gedurende die maand Januarie 1954, het die Reserwebank se goud en buitelandse bates 'n sterk daling ondergaan as gevolg van gerugte van 'n devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond. In die daaropvolgende weke is die posisie egter weer herstel, sodat teen die end van die week geëindig 19 Maart die reserwes op £103.6 miljoen te staan gekom het, vergeleke met £104.5 miljoen aan die end van Desember 1953. Hierdie klein netto afname van omtrent £1 miljoen vergelyk gunstig met die daling van omtrent £12 miljoen wat gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1953 plaasgevind het.

GELD IN OMLOOP


Nadat dit 'n klein netto toename van ongeveer £2 miljoen gedurende 1952 getoon het, het die hoeveelheid geld in omloop binne die Unie van £439 miljoen aan die end van daardie jaar tot £422 miljoen aan die end van Augustus 1954 gedaal, maar hoofsaaklik as gevolg van 'n gunstige betalingsbalans in die laaste kwartaal van die jaar, het die bedrag in omloop weer tot £444 miljoen aan die end van 1953 gestyg. Daar was dus 'n netto toename van ongeveer £5 miljoen gedurende die jaar 1953, bestaande uit 'n vermeerdering van omtrent £8 miljoen in banknote en munt in omloop en 'n vermindering van ongeveer £3 miljoen in die banke se onmiddellik opeisbare deposito's. Ontleed volgens besitters, was daar 'n afname van omtrent £2 miljoen in die geldhoeveelheid in besit van uitlanders en 'n daling van omtrent £16 miljoen in dié gehou deur die Regering,* teenoor 'n toename van omtrent £23 miljoen in die bedrag in die hande van die private sektor.

Die feit dat die geldhoeveelheid 'n netto toename van ongeveer £5 miljoen gedurende 1953 getoon het, ten spyte van 'n afname van omtrent £26 miljoen† in die Reserwebank se goud en buitelandse bates, was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van ongeveer £29 miljoen in bankkrediet in die Unie. Reserwebankkrediet het met ongeveer £18 miljoen en handelsbankkrediet met omtrent £11 miljoen toegeneem, en laasgenoemde was die netto resultaat van 'n toename van omtrent £27 miljoen in die banke


se diskontering en voorskotte en afnames van omtrent £13 miljoen en £3 miljoen in hulle saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie en in hulle beleggings, onderskeidelik. Hierdie syfers toon 'n ommeswaai van die neigings gedurende 1952, toe daar taamlike sterk toenames was in die handelsbanke se beleggings en in hulle saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie, teenoor 'n aansienlike daling in hul diskontering en voorskotte aan die publiek. In daardie jaar, soos in die oorsig van 'n jaar gelede aangetoon, het die hoér rentekoersstruktuur 'n belangrike rol gespeel in die verskuiwing van bankkrediet van die privaat na die Regeringsektor, toe daar 'n toename van ongeveer £38 miljoen was in bankkrediet wat direk, of indirek deur middel van die Finansiekorporasie, aan die Regering toegestaan is, vergeleke met 'n daling van omtrent £12 miljoen in die bedrag wat na die private sektor gegaan het. In 1953, toe die rentekoersstruktuur min verandering getoon het, het die prent heelwat verander. Soos blyk uit 'n meer volledige ontleding van die toename van omtrent £29 miljoen in totale bankkrediet in daardie jaar, was daar slegs 'n toename van omtrent £10 miljoen in die bedrag wat aan die Regeringsektor toegestaan is, vergeleke met 'n vermeerdering van omtrent £19 miljoen in die bedrag wat na die private sektor gegaan het. Hierdie syfers verklaar tot 'n mate die toename van omtrent £23 miljoen, hierbo gemeld, wat in die hoeveelheid geld in besit van die private sektor in 1953 plaasgevind het, terwyl die daling van omtrent £16 miljoen in die bedrag in besit van die Regeringsektor, wat plaasgevind het ten spyte van die toename van omtrent £10 miljoen in bankkrediet aan daardie sektor, die hoér uitgawes weerspieël wat die Regering gedurende die jaar moes maak.

Wat die korttermynbeweging in diskontering en voorskotte van die handelsbanke betref, blyk dit uit die onderstaande grafiek dat, uitgesonderd seisoenskommelings, die neiging sterk opwaarts was gedurende 1953, vergeleke met die ewe sterk afaartse beweging gedurende 1952. Die gemiddelde maandelikse indeks van diskontering en voorskotte was ook effens hoér in 1953 as in 1952.

HANDELSBANKE:
DISKONTERINGE
EN VOORSKOTTE



BANK-
DEBETTE



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

* Insluitende Suid-Afrikaanse Spoorweë en Provinciale Administrasies.

† Die werklike daling in die Reserwebank se goud en buitelandse bates gedurende 1953 het £30.4 miljoen beloop, maar hiervan moet afgetrek word die netto terugbetaling deur die Bank van die dollarkrediete en Switserse lenings hierbo genoem, wat £4.1 miljoen beloop het en wat nie 'n invloed op die hoeveelheid geld in omloop gehad het nie. (Sien voetnota (I) Tabel XVI).

BANKDEBETTE

Die gemiddelde maandelikse indeks van bankdebette, wat alle debette teen lopende rekenings in banke in die Unie dek, uitgesonderd Regeringsrekenings, en wat gestyg het van 137 in 1951 tot 147 in 1952, het verder toegeneem tot die nuwe rekordpeil van 156 in 1953. Soos op die bostaande grafiek aangedui, was die neiging in die maandelikse indekssyfers sterk opwaarts gedurende 1953, nadat daar gedurende 1952 'n aansienlike vermindering was van die stygende tendens wat in die voorafgaande jare sigbaar was.


Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse indeks van bankdebette van 1951 tot 1952 was hoër as dié in die hoeveelheid geld in omloop, sodat die indeks van die omlolopsnelheid van die geldhoeveelheid verder toegeneem het van 164 in 1952 tot 171 in 1953.

GOEDEREPRYSE


Soos blyk uit die grafiek op bladsy iv, het die indekse van totale groot- en kleinhandelspryse gedurende 1953 relatief stabiel gebly, vergeleke met die sterk opwaartse beweging gedurende 1951 en 1952.

Die gemiddelde maandelikse indeks van groothandelspryse vir alle goedere wat van 129.1 in 1951 tot 148.0 in 1952 gestyg het, het slegs tot 149.3 in 1953 toegeneem, weens 'n aansienlike daling in die prys van invoergoedere. Soos blyk uit die onderstaande grafiek, het die maandelikse indekse van die prys van invoergoedere gedurende die jaar 1953 'n voortsetting getoon van die afwaartse beweging wat gedurende die tweede helfte van 1952 in werking getree het, terwyl die indeks van die prys van Uniegoedere, nadat dit gedurende die eerste paar maande van 1953 gedaal het, weer gestyg het tot die maand Oktober, en toe in November en Desember afgeneem het. Terwyl die gemiddelde maandelikse indeks van Uniegoedere dus weereens 'n nuwe hoogtepunt in 1953 bereik het, het die toename van Desember 1952 tot Desember 1953 slegs 0.3 persent beloop, vergeleke met 'n toename van

GROOTHANDELS-PRYSE.



KLEINHANDELS-PRYSE



Indekse (1948=100).

11.2 persent van Desember 1951 tot Desember 1952.

Die gemiddelde maandelikse indeks van kleinhandelspryse het ook in 1953 verder toegeneem, nl. van 125.8 in 1952 tot 130.2 in 1953, vergeleke met 115.7 in 1951, maar ook in hierdie geval was die tempo van toename gedurende 1953 heelwat minder as gedurende 1952. Van 129.0 in Desember 1952 het dit toegeneem tot 129.8 in Desember 1953, d.w.s. met slegs 0.6 persent, vergeleke met die styging van 6.2 persent van Desember 1951 tot Desember 1952.

Soos aangedui op die bostaande grafiek, was die verdere opwaartse beweging in kleinhandelspryse hoofsaaklik die gevolg van hoër voedselprys, aangesien die indekse van klerasie en „ander“ poste relatief stabiel gebly het.

In die geval van landboupryse, het die gemiddelde maandelikse indeks wat alle produkte omvat, nadat dit van 182 in 1951 tot 144 in 1952 afgeneem het, tot 164 in 1953 toegeneem. Die toename van omrent 14 persent van 1952 tot 1953 was hoofsaaklik die gevolg van 'n styging in die prys van wol, soos weerspieël in die styging van omrent 27 persent in die indeks vir die groep „wol, bokhaar, huide en velle.“ Die indeks vir alle ander landbouprodukte saam het slegs met 2.9 persent toegeneem.

Hoewel die gemiddelde maandelikse indeks van landboupryse toegeneem het in 1953, het die maandelikse indekssyfers in werklikheid 'n daling van omrent 1 persent van Desember 1952 tot Desember 1953 getoon en dit was die netto resultaat van die veranderings in die indekse van die vernaamste klasse van landbouprodukte soos in die tabel hieronder aangetoon:

	Persentasie verandering
Mielies en kafferkorng	4.1
Koring, hawer en rog	1.4
Lusern en tefhooi	—19.0
Aartappels, patats, tue en droëbone	—55.8
Wol, bokhaar, huide en velle	—1.2
Bottervet, kaasmelk en melk vir kondensering	2.7
Beeste, skape en varke	3.4
Hoenders, kalkoene en eiers	5.6
 Beswaarde gemiddelde	 —1.4


Wat wol betref, het die beswaarde gemiddelde prys van alle soorte wol (gegrond op prys wat werklik vir vetwol op openbare veilings in Unie-hawens betaal is) in Desember 1953 op 58.11d. per lb. te staan gekom, vergeleke met 55.38d. per lb. in Desember 1952.

AANDELEBEURSTRANSAKSIES

Gedurende 1953 het die bedrywigheid op die aandelebeurs teen 'n ietwat hoër peil as in 1952 geskommel. Na 'n styging in Januarie en Februarie 1953, het die indeks van aandelebeursomset vinnig gedaal tot ongeveer Oktober, maar daarna het 'n sterk oplewing gedurende Desember ingetree sodat die gemiddelde maandelikse indeks in 1953 op 48.4 te staan gekom het, vergeleke met 39.0 in 1952.

Die oplewing gedurende Desember 1953 is voort-

gesit gedurende die eerste paar maande van 1954, maar was grootliks beperk tot die aandele van ontwikkelende goudmyne, as gevolg van gunstige kwaartaalverslae oor ontwikkeling sowel as van gerugte van gunstige verslae wat sal volg. Sodoende het die omsetindeks van 38.9 in November 1953 tot 142.9 in Februarie 1954 toegeneem, terwyl die prysindeks van die aandele van ontwikkelende goudmyne gestyg het van 96 tot 155 en dié van die aandele van produserende myne van 76 tot 78, onderskeidelik.



TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Soos op die bostaande grafiek gesien kan word, het die indeks van die waarde van eiendomstransaksies, wat teen die middel van 1952 sterk gedaal en toe weer gedurende die laaste vyf maande van daardie jaar toegeneem het, 'n verdere opwaartse neiging gedurende 1953 getoon. Die gemiddelde maandelikse indeks het, nadat dit van 92 in 1951 tot 90 in 1952 afgeneem het, weer tot 92 in 1953 toegeneem.

BESLUIT

Uit die bostaande kort oorsig sal dit duidelik wees dat die *monetäre* omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid 'n verdere styging vanaf 1952 tot 1953 ondergaan het, soos weerspieël in die toenames in die gemiddelde maandelikse syfers van 'n groot aantal van die indekse wat behandel is, bv. die volksinkome, belegging, die waarde van landbouproduksie, die waarde van fabrieksopbrengs, die waarde van invoere en uitvoere (uitgesondert goud), kleinhandelsverkope, spoorweginkomste, diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, bankdebette, aandelebeursomset en die waarde van eiendomstransaksies. Verder blyk dit uit die bewegings in die maandelikse indekse dat die neiging effens opwaarts was dwarsdeur die jaar 1953, vergeleke met die min of meer konstante tendens wat gedurende 1952 waarneembaar was.

Alhoewel die verdere styging in die *monetäre* omvang van ekonomiese bedrywigheid vanaf 1952 tot 1953 met 'n klein verdere styging in die algemene pryspeil gepaard gegaan het, weerspieël dit ook 'n toename in die *fisiese* omvang van ekonomiese bedrywigheid. In die geval van laasgenoemde wil dit voorkom asof die korttermynneiging effens opwaarts was gedurende 1953, vergeleke met die effense afwaartse tendens gedurende 1952.

Wat die betalingsbalans betref, was daar 'n verdere aansienlike afname in die land se goud en buitelandse bates gedurende 1953, en terwyl dit deels veroorsaak is deur 'n afname in die toevloei van kapitaal, moet dit ook beskou word in die lig van die Regering se beleid om 'n deel van die beskikbare reserwes op te offer ten einde die invoere van noodsaaklike kapitaaluitrusting te handhaaf. Dus het invoere in werklikheid gestyg vanaf 1952 tot 1953, maar as gevolg van hoër uitvoere, veral van Suid-Afrikaanse produkte, het die netto lopende tekort effens gedaal, sodat die verhouding daarvan tot die geografiese volksinkome tot omtrent 5 persent afgeneem het, vergeleke met omtrent 6 persent in 1952 en omtrent 10 persent in 1951.

In die geheel wil dit dus voorkom asof die beleid van konsolidasie, tesame met invoerbeheer, met sukses gedurende 1953 toegepas is, insoverre dit geen werklike terugslag in die Unie se algemene ekonomiese ontwikkeling veroorsaak het nie en gehelp het om die beskikbare kapitaal- en arbeidsbronne in die mees noodsaaklike rigtings te stuur. So is hierbo gevind dat die hoër belegging in 1953, uitgesondert die verandering in voorrade, hoofsaaklik teweeggebring is deur die Suid-Afrikaanse Spoerweë, Eskom en ander Staatsondersteunde projekte, sowel as deur die ontwikkeling van 'n aantal sleutelprojekte in die private sektor, wat reeds verbeterde vervoer- en kragdienste teweeggebring en ook die land se produksievermoë verhoog het. Ook is gevind dat teen die end van die jaar en veral gedurende die eerste maande van 1954, 'n verbeterde arbeidsposisie in die goudmyne aan die ontwikkel was.

Die opwaartse beweging in die Unie se ekonomiese siklus gedurende 1953 het ook verskil van dié gedurende die voorafgaande jare, insoverre dit vergesel was van 'n relatiewe stabiele pryspeil. Dus wil dit voorkom asof die gety van inflasie stopgesit is en dat die Unie, met sy snel uitbreidende produksievermoë, wat 'n baie gunstige langtermyn uitwerking op die volksinkome en die betalingsbalans behoort te hê, die toekoms met vertroue kan tegemoet gaan. Die gang van die land se ekonomiese siklus, wat gedurende 1953 geen tekens van 'n resessie getoon het nie, sal, egter, wat die nabye toekoms betref, in groot mate van ontwikkelings in die buiteland afhang.

T. W. de Jongh,
Statistikus.